Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2021

EKONOMIE V1 NASIENRIGLYN (EKSEMPLAAR)

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 18 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1	A ✓✓	betalingsbalans
1.1.2	C ✓✓	spesialiseer in wat hulle die beste doen
1.1.3	C ✓✓	belastinginkomste en belastingkoers
1.1.4	A ✓✓	tendenslyn
1.1.5	D ✓✓	’n verbetering in die doeltreffendheid van markte
1.1.6	B ✓✓	G + I + X < S + T + M
1.1.7	D ✓✓	geldmark
1.1.8	B ✓✓	Dit neem 'n groter persentasie van die inkomste van lae-inkomste verdieners as dié met 'n hoër inkomste

(8 x 2) (16)

1.2 PASITEMS

1.2.1	E ✓	Waar langtermyn fondse geleen en gespaar word deur verbruikers en sakeondernemings
1.2.2	I ✓	Ook bekend as die nasionale produk teen konstante pryse
1.2.3	G ✓	Verander nie rigting totdat die sakesiklus van rigting verander het nie
1.2.4	C ✓	Toegelaat om te reageer op markkragte binne sekere perke
1.2.5	H ✓	’n Vorm van krediet wat die IMF kan gebruik vir 'n konstante onewewigtigheid
1.2.6	B ✓	Waar hulpbronne nie weer toegedeel kan word om een individu beter daaraan toe te maak sonder om ten minste een persoon slegter te laat wees nie.
1.2.7	F ✓	Voorgeskryf deur die Verenigde Nasies om die bruto binnelandse produk saam te stel
1.2.8	A ✓	Sluit biblioteke, gesondheidsdienste, navorsingsprogramme en onderwys in

(8 x 1) (8)

1.3 EENWOORD-ITEMS

1.3.1	Herwaardasie ✓
1.3.2	Direkte belasting ✓
1.3.3	Bruto Nasionale Produk ✓
1.3.4	Handelsvoorwaardes ✓
1.3.5	Reële vloei ✓
1.3.6	Disinvestering ✓

(6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord TWEE van die DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 2.1.1 **Noem TWEE doelwitte van voorwaardelike toelaes aan munisipaliteite.**

- Infrastruktuur ✓
- Bou van kapasiteit en herstrukturering ✓ (2 x 1) (2)

2.1.2 **Waarom is dit nie moontlik om individue by die gebruik van openbare goedere uit te sluit nie?**

- Dit is nie moontlik nie, want sodra openbare goedere voorsien is, kan dit deur almal gebruik word. ✓✓
- Dit is onmoontlik om individue te verhoed om die voordele te geniet. ✓✓
- Bv. wanneer 'n verkeerslig opgerig is of vuurwerk afgevuur word, word dit deur almal gebruik en geniet. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord)

(Enige 1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Gee die alternatiewe term vir herstel (groei) soos voorgestel vanaf trog tot piek.**

- Uitbreiding / opswaai ✓ (1)

2.2.2 **Wat word gemeet van piek-tot-piek of van trog-tot-trog?**

- Lengte ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *reële BBP.***

- Verwys na BBP-syfers aangepas vir prysveranderings (inflasie-effek is verwyder). ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte antwoord) (2)

2.2.4 **Verduidelik die regeringsbeleid wat die sentrale bank kan gebruik om bedryfsiklusse gladder te maak as die ekonomie op die hoogste punt is.**

- Die krimpende monetêre beleid is die doeltreffendste omdat die rentekoerse verhoog word om besteding te verminder en die geldvoorraad in omloop te verlaag. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte antwoord) (2)

2.2.5 **Waarom word endogene faktore as ’n oorsaak van die sakesiklusse beskou?**

Dit word beskou as 'n oorsaak van sakesiklusse omdat:

- Keynesians van mening is dat markte inherent stabiel is ✓✓
- Die vlak van ekonomiese aktiwiteit voortdurend geneig is om konstant bo of onder sy potensiaal te wees ✓✓
- Sakesiklus is 'n inherente kenmerk van die markekonomie ✓✓
- Die prysmeganisme kan nie vraag en aanbod in markte koördineer nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Noem EEN ander rekening van die betalingsbalans.**

- Kapitaaloordragrekening ✓
- Finansiële rekening ✓ (1)

2.3.2 **Noem ’n rede hoekom netto goud uitvoere apart van die ander uitvoere aangeteken word.**

- As gevolg van historiese belangrikheid ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die begrip *lopende oordragte*.**

- Dit is oordragte van inwoners aan nie-inwoners en omgekeerd, wat geen teenprestasie vereis nie, bv. kontantgeskenke, sosiale versekering ✓✓ (2 x 1) (2)

2.3.4 **Verduidelik die gebruik van onaangetekende transaksies in die betalingsbalans.**

- Inskrywings van onaangetekende transaksies probeer om die uitwerking van foute en weglatings in internasionale transaksies, reg te stel. ✓✓
- Dit verseker dat die betalingsbalans in balans bly. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord) (2 x 2) (4)

2.3.5 **Bereken die saldo op die lopende rekening vir 2018.**

R1 056 + miljard + R77 miljard – R1 158 miljard – R204 miljard ✓✓
= -R229 miljard ✓✓
(Ken 2 punte toe indien slegs die antwoord gegee word)
(Merk verkeerd indien die antwoord nie as ’n negatief aangetoon word nie) (4)

2.4 **Bespreek die vermenigvuldiger en die uitwerking daarvan op die nasionale inkome indien die marginale verbruik geneigdheid (MVG) 0,6 is en investering met R10 miljard toeneem. Toon ALLE berekeninge**.

- 'n Relatiewe klein investering lei tot 'n groter proporsionele toename in nasionale inkome ✓✓
- K = 1 / 1 – mvg ✓✓
- = 1 / 1 – 0,6 ✓✓
  = 2,5 ✓✓
- Vermenigvuldiger-effek = 2,5 x R10 miljard ✓✓
- Daarom sal 'n investering van R10 miljard lei tot 'n R25 miljard styging in nasionale inkome. ✓✓

(Indien 'n leerder 'n grafiese voorstelling van die effek gee, moet die grafiek aandui dat die verandering in investering van R10 miljard is en die verandering in nasionale inkome R25 miljard is.
Aanvaar as die leerder die effek verduidelik, gebaseer op die beginsel van een persoon se besteding 'n inkome word vir 'n ander persoon.)

(Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe as feite of voorbeelde net genoem word)

(Enige 4 x 2) (8)

2.5 **Hoe is die Suid-Afrikaanse ekonomie deur die uitwerking van internasionale handel beïnvloed?**

POSITIEWE INVLOED

- Die lewenspeil van Suid-Afrikaners sal verbeter deur spesialisasie in die produksie van sekere goedere. ✓✓
- Die toename in tegnologie lei tot massaproduksie, bv. die gebruik van selfone. ✓✓
- Stygende produksie doeltreffendheid, bv. hulpbronne moet meer doeltreffend gebruik word – minder vermorsing. ✓✓
- Groter keuse van goedere en dienste van regoor die wêreld – nie net plaaslik nie. ✓✓
- Verhoogde mededinging lei tot innovasie en hoë standaarde in ekonomiese kapasiteit. ✓✓
- Globalisasie bring die lande van die wêreld bymekaar en kennis word gedeel. ✓✓

NEGATIEWE INVLOED

- Minder ontwikkelde lande mag nie in staat wees om mee te ding met ontwikkelde lande nie. ✓✓
- Spesialisasie veroorsaak dat meer produsente hulle besighede moet sluit. ✓✓
- Globalisasie laat mense hulle eie kultuur vergeet en inheemse kennis stelsels disintegreer. ✓✓
- Massaproduksie lei daartoe dat plaaslike mense swak gehalte goedere, van ander lande koop, ten koste van plaaslike produsente. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord) (4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 **Noem TWEE items wat betrokke is by die omskakeling van BBP teen faktorkoste na BBP teen basiese pryse.**

- Ander belastings op produksie ✓
- Ander subsidies op produksie ✓ (2 x 1) (2)

3.1.2 **Watter uitwerking sal die depresiasie van die rand op die vraag na buitelandse goedere hê?**

- Die vraag na ingevoerde goedere sal afneem omdat dit duur sal wees om in te voer ✓✓
- Uitvoere sal egter toeneem en daar sal 'n kapitaalinvloei wees ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Wat word in bostaande diagram voorgestel?**

- Ekonomiesekringloop-model/Twee-sektor-model ✓ (1)

3.2.2 **Noem 'n voorbeeld van *geldvloei*.**

- Besteding op plaaslike produkte/totale besteding ✓
- Faktorbetalings ✓
- Inkome/plaaslike inkome ✓ (1)

3.2.3 **Verduidelik kortliks die begrip *faktormark*.**

- Markte waar produksiefaktore verhandel word, byvoorbeeld, arbeidsmark ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord) (2)

3.2.4 **Verduidelik kortliks die rol van besighede in die ekonomie.**

- Besighede koop die produksiefaktore van huishoudings in die faktormark. ✓✓
- Besighede gebruik hierdie produksiefaktore om goedere en dienste te produseer. ✓✓
- Besighede verkoop goedere en dienste aan huishoudings, die regering en die buitelandse sektor. ✓✓ (1 x 2) (2)

3.2.5 **Hoe kan Buitelandse Direkte Investering die nasionale inkome beïnvloed?**

- BDI is 'n inspuiting in die ekonomie wat produksie verhoog. ✓✓
- Dit gee werksgeleenthede 'n hupstoot. ✓✓
- Die resultaat sal 'n toename in inkome en besteding in die ekonomie, wees. ✓✓ (4)

3.3 DATARESPONS

3.3.1 **Noem enige EEN begrotingsplan waaroor die regering toesig hou.**

- Hoofbegroting ✓
- Mediumtermyn-bestedingsraamwerk (MTEF) ✓
- Mediumtermynbegrotingsbeleidsverklaring (MTBV) Π ✓

(Enige 1x1) (1)

3.3.2 **Met watter uitdaging het die regering te doen, soos voorgestel?**

- Swak besteding van openbare fondse ✓
- Oneffektiewe bestuur ✓
- Korrupsie ✓

Aanvaar enige ander korrekte antwoord) (1)

3.3.3 **Beskryf die term *begroting.***

- 'n Dokument wat besonderhede bevat oor die verwagte inkomste en geprojekteerde uitgawes ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte antwoord) (2)

3.3.4 **Waarom sal 'n verhoging in die belastingkoers nie noodwendig staatsinkomste verhoog nie?**

- In plaas daarvan om meer belasting te betaal, kan individue belasting vermy ✓✓
- Baie besluit om op te hou werk ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.5 **Hoe kan die regering bestuursmislukking effektief verminder?**

Die regering kan bestuursmislukkings effektief verminder deur:

- Mense in diens te neem volgens hul vaardighede, bekwaamheid en kwalifikasievlakke ✓✓
- Die verskaffing van leierskap, opleiding en werksessies ✓✓
- Om te verseker dat niemand se welstand ten koste van iemand anders verbeter word nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte antwoord) (4)

3.4 **Bespreek vryswewende wisselkoerse.**

- Dit werk outomaties. ✓✓
- Indien invoere toeneem, sal die vraag na buitelandse valuta ook toeneem. ✓✓
- Die geldeenheid depresieer as gevolg van die werking van markkragte. ✓✓
- Depresiasie maak invoere nog duurder in die depresiërende land en uitvoere raak goedkoper in die oorsese land. ✓✓
- Invoere daal en uitvoere neem toe en die geldeenheid appresieer. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord) (8)

Kopiereg voorbehou

3.5 **Evalueer die impak van 'n afgradering van Suid-Afrika se kredietgradering op die ekonomie.**

NEGATIEWE IMPAK

- Regering moet 'n hoër rentekoers op sy skuld betaal .✓✓
- Minder geld word gebruik om die ekonomie te bou, asook vir belangrike infrastruktuur en sosiale programme. ✓✓
- Baie internasionale beleggingsportfolio's word nie toegelaat om in sub-investering gegradeerde ekonomieë (rommelstatus) te belê nie, omdat skuld / verbandterugbetalings te hoog is. ✓✓
- Die afgradering van 'n land skep 'n gebrek aan buitelandse belegging met 'n swakker rand / inflasie styg dan soos wat die koste van alle ingevoerde goedere toeneem. ✓✓
- Die Suid-Afrikaanse regering sal dit moeilik vind om internasionale lenings te kry om die begroting en die betalingsbalanstekorte te finansier. ✓✓
- Minder multi-nasionale maatskappye sal toegelaat word om sake in Suid-Afrika te doen, omdat sommige van hulle streng mandate het om nie besighede in lande met 'n rommelstatus, te open nie. ✓✓

POSITIEWE IMPAK

- Verbruikers / besighede word gedwing om meer te bespaar ✓✓
- Regering word aangemoedig om ekonomiese groei aan te moedig of te versnel ✓✓
- Werkskepping ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe indien feite of voorbeelde slegs genoem word) (8)

[40]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 **Noem TWEE vraagfaktore vir buitelandse valuta.**

- Invoer van goedere ✓
- Die betaling van dienste van buitelandse lande ✓
- Die terugbetaling van ’n buitelandse lening wat by ’n oorsese land geleen is. ✓
- Toeriste wat geld oorsee spandeer. ✓
- Die aankoop van aandele of bates in ’n ander land. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord)

(Enige 2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoekom word huishoudings as ’n belangrike deelnemer in die ekonomiese kringloop beskou?**

- Hulle is die eienaars van die produksiefaktore. ✓✓
- Hulle is die primêre deelnemers in die ekonomiese kringloop. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord)

(Enige 1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Wat is die oorspronklike ewewigswisselkoers in bostaande grafiek?** (1)

- R17 ✓

4.2.2 **Wat het met die waarde van die rand gebeur toe pryse van R17 na R18 verander het?**

- Depresiasie ✓ / afneem ✓ / daal ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf die begrip *depresiasie van ’n geldeenheid*.**

- Depresiasie van ’n geldeenheid is ’n daling in die prys van ’n geldeenheid kragtens ’n ander land se geldeenheid, as gevolg van markkragte. (1 x 2) (2)

4.2.4 **Verduidelik hoe beheerde wisselkoerse onewewigtigheid in die betalingsbalans regstel.**

- Sentrale banke gebruik hulle reserwes om depresiasies en appresiasies toe te pas. ✓✓
- Geldeenhede moet hulle ewewigsvlak oor die langtermyn vind. ✓✓

(1 x 2) (2)

4.2.5 **Hoe sal die depresiasie in die waarde van 'n geldeenheid, besighede beïnvloed?**

- Depresiasie sal die produksiekoste vir besighede laat styg, omdat hulle meer geld sal benodig om ander geldeenhede aan te koop. ✓✓
- Uitvoerbesighede kan meer verkoop aan buitelandse lande, omdat hulle produkte goedkoper sal raak. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord)

(2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Watter jaar word tans deur die Reserwebank as die basisjaar gebruik?**

- 2010 ✓ (1)

4.3.2 **Noem enige instelling wat die data in bostaande tabel saamstel.**

- Statistiek Suid-Afrika (Stats SA) ✓
- Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die begrip *konstante pryse*.**

- Konstante pryse is pryse waar inflasie uitgesluit is. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord) (1 x 2) (2)

4.3.4 **Verduidelik die verskil tussen *nominale BBP* en *reële BBP*.**

- Nominale BBP is BBP teen heersende pryse terwyl reële BBP, BBP teen konstante pryse is.✓✓ / Nominale BBP syfers dui nie verandering in ekonomiese aktiwiteite aan nie, terwyl reële BBP syfers aangepas is vir prysveranderings. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord)

(Enige 1 x 2) (2)

4.3.5 **Bereken die BBP-deflator vir 2016. Toon ALLE berekeninge.**

Deflator = Nominale BBP / Reële BBP x 100 ✓✓

Deflator vir 2016 = 4 336 988 / 3 009 860 x 100 ✓✓

= 144 ✓✓

(Ken 2 punte toe indien slegs die antwoord verskaf is) (Enige 2 x 2) (4)

4.4 **Bespreek produksie en besteding as metodes om Bruto Binnelandse Produk (BBP) te bereken.**

PRODUKSIEMETODE

- Om hierdie metode te gebruik om die BBP te bereken, lewer die opbrengs van BBP teen basiese pryse. ✓✓
- Bruto Binnelandse Produk teen basiese pryse word bepaal deur die finale waardes van alle goedere en dienste, geproduseer in die primêre, sekondêre en tersiêre sektore, bymekaar te tel. ✓✓
- In die nasionale rekeninge, word daar na Bruto Binnelandse Produk teen basiese pryse verwys as Bruto Toegevoegde Waarde (BTW) teen basiese pryse. ✓✓
- Ook as BBP(P) bekend. ✓ (2 x 2)

BESTEDINGSMETODE

- Om hierdie metode te gebruik om die BBP te bereken, lewer die opbrengs van BBP teen markpryse. ✓✓
- BBP teen markpryse word bepaal deur die besteding van die vier hoofsektore in die ekonomie bymekaar te tel – huishoudings (C), regering (G), besighede (I) en buitelandse sektor (X – M). ✓✓
- Daar is ’n verskil tussen BBB en besteding op BBP:
- BBB = C + I + G terwyl besteding op BBP = C + I + G + (X – M) ✓✓
- Ook as BBP(B) bekend ✓ (2 x 2) (8)

4.5 **Hoe kan vryhandel tot ’n meer doeltreffende ekonomie bydra?**

Dit kan bydra deur:

- Die invloei en uitvloei van goedere en dienste in die ekonomie toe te laat ✓✓
- Vraag na goedere en dienste te stimuleer en sodoende werksgeleenthede te skep ✓✓
- Die handelsbalans te verbeter deur seker te maak dat dit gunstig is ✓✓
- Die land in ’n posisie te stel om buitelandse kapitaal te verdien en ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling te versnel ✓✓
- Internasionale verhoudings te verbeter en sodoende ekonomiese integrasie te stimuleer ✓✓ (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN van die volgende TWEE vrae in hierdie afdeling.

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding Die inleiding is 'n laerorde-antwoord. • 'n Goeie beginpunt is om die hoofterm, wat met die vraagonderwerp verband hou, te definieer. • Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie. • Moenie enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie. • Vermy om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek.	Maks. 2
Liggaam **Hoofdeel:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/ Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik **Addisionele deel:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Trek 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe/Maak voorstelle	Maks. 26 Maks. 10
Slot Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit: • 'n Kort samevatting van dit wat alreeds bespreek is, sonder om feite wat alreeds genoem is, te herhaal • Enige mening of waardeoordeel van die feite wat bespreek is • Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk • 'n Opponerende sienswyse met motivering, indien verlang • Aanbevelings	Maks. 2
TOTAAL	**40**

VRAAG 5

- **Bespreek, in detail, die hoofdoelwitte van die regering ten opsigte van die ekonomie.** (26 punte)

- **Hoe kan privatisering aangewend word om die uitdagings van die stadige dienslewering in Suid-Afrika aan te spreek?** (10 punte) **[40]**

INLEIDING

- Die hoofdoelwitte van die regering is om die inwoners van die land te dien en stelselmatige ontwikkeling vir almal teweeg te bring. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike inleiding) Maks. 2 (2)

INHOUD

HOOFGEDEELTE

Ekonomiese groei ✓
- Ekonomiese groei verwys na ’n toename in die produksie van goedere en dienste in die ekonomie. ✓✓
- Die regering moet verseker dat daar volhoubare groei is, omdat dit lei tot ’n verbetering in die lewenspeil. ✓✓
- Vir ekonomiese ontwikkeling om plaas te vind, moet die ekonomiese groeikoers hoër as die bevolkingskoers wees. ✓✓

Wisselkoersstabiliteit ✓
- Depresiasie en appresiasie skep onsekerheid by produsente en beleggers en behoort daarom beperk te word. ✓✓
- Die regering probeer om die land se geldeenheid te beskerm teen oormatige skommelinge. ✓✓
- Monetêre en fiskale beleide word aangewend om te verseker dat die wisselkoers vir langer periodes relatief stabiel bly. ✓✓

Volle indiensname ✓
- Dit beteken dat alle persone wat wil werk en werk soek, in staat sal wees om werk te vind of om hulself in diens te neem ✓✓
- Hoë vlakke van werk is een van die mees noodsaaklike ekonomiese doelwitte van alle regerings ✓✓

Ekonomiese regverdigheid ✓
- In Suid-Afrika gebruik die regering ’n progressiewe belastingstelsel om gratis dienste aan al sy verdienstelike mense te voorsien. ✓✓
- Gratis sosiale dienste soos basiese onderwys, primêre gesondheidsorg, basiese ekonomiese dienste en betaal van kontanttoelaes aan die armes en ander kwesbare persone ✓✓
- ’n Herverspreiding van inkome en rykdom is belangrik vir mark-ekonomieë. ✓✓

Prysstabiliteit

- In Suid-Afrika beteken relatiewe prysstabiliteit om die inflasiekoers tussen 3% en 6% te hou. ✓✓
- 'n Mark ekonomie presteer beter wanneer pryse stabiel is. ✓✓
- Enige land streef daarna dat sy pryse nie fluktueer nie. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord)
  (Merk opskrifte en voorbeelde tot 'n maksimum van 8 punte)

Maks. 26

ADDISIONELE GEDEELTE

Hoe kan privatisering aangewend word om die uitdagings van stadige dienslewering in Suid-Afrika aan te spreek?

Privatisering kan aangewend word om uitdagings aan te spreek, deur:

- Die algehele doeltreffendheid en effektiwiteit van die staatsbeheerde onderneming te verbeter en daardeur doeltreffendheid te versnel ✓✓
- Buitelandse direkte investering te lok, wat aangevraagde kapitaal kan voorsien vir daardie staatsorganisasies en sodoende dienslewering verbeter. ✓✓
- Ekonomiese groei en prestasie van daardie ondernemings te stimuleer, deur innoverende metodes deur middel van private kenners bekend te stel. ✓✓
- Addisionele fondse aan die regering beskikbaar te stel deur middel van belasting, wat dan fondse geredelik beskikbaar kan maak vir die verskaffing van dienste. ✓✓
- Die deelname-koers van die gemeenskap aan die ekonomie te bevorder, terwyl dienslewering versnel word ✓✓
- Die regering los te maak van die finansiële las wat op hulle geplaas is deur SBO's soos SAL, wat sal veroorsaak dat die regering dan meer fondse tot hulle beskikking sal hê om in dienslewering te belê. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike hoër-orde antwoord)
  ('n Maksimum van 2 punte indien feite slegs genoem is) (10)

SLOT

- Die regering gebruik die nasionale begroting in sy poging om al sy doelwitte te bereik, deur van belasting as die hoofbron van inkome gebruik te maak. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike slot) (2)

[40]

VRAAG 6

- **Bespreek, in detail, die vraagkantbeleide in die gladstryk van sakesiklusse**. (26 punte)
- **Hoe kan 'n monetaristiese sienswyse aangaande regeringsbeleide 'n inkrimping van die sakesiklus tot gevolg hê?** (10 punte) **[40]**

INLEIDING

Gladstryk van sakesiklusse vind plaas wanneer beleid aangewend word om dramatiese pieke en trôe te voorkom. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike inleiding.) (2)

INHOUD

HOOFGEDEELTE

- Die regering se doelwit met 'n sakesiklusbeleid is om die bes moontlike groeikoerse te bereik. ✓✓
- Hulle moet beleide toepas wat sikliese bewegings sal gladstryk, sodat die pieke hulself nie in hoë inflasie bevind nie en die trôe nie tot hoë werkloosheid sal lei nie. ✓✓
- Regering maak gebruik van monetêre en fiskale beleide om dit te bereik. ✓✓
- Fiskale beleid is instrumenteel in die stimulering van die onderdrukte ekonomie. ✓✓
- Monetêre beleid is meer doeltreffend om 'n ekonomie wat hoë inflasie het, te demp. ✓✓

MONETÊRE BELEID ✓

- Wanneer die vlak van ekonomiese aktiwiteit verander, kan die SARB uitbreidende of inkrimpende maatreëls aanwend om skommelinge van sodanige ekonomiese aktiwiteite te verminder. ✓✓
- 'n Uitbreidende monetêre beleid word geïmplementeer wanneer die ekonomie in 'n resessie is, ten einde die ekonomiese aktiwiteite te stimuleer. ✓✓
- Rentekoerse kan verminder word om besteding aan te moedig. ✓✓
- Huishoudings en besighede kan daarom meer leen en bestee. ✓✓
- Die toename in besteding verhoog die vlak van ekonomiese aktiwiteit, investering neem toe en meer produksiefaktore sal in diens geneem word. ✓✓
- Hoër vlakke van produksie en inkome en besteding sal bereik word. ✓✓
- Die vraag sal groter as die aanbod wees, indien die aanbod van goedere en dienste nie styg in lyn met die toename in vraag nie en inflasie sal styg. ✓✓
- In die geval van inkrimpende monetêre beleid, kan inflasie ingeperk word deur die geldvoorraad te verminder asook die beskikbaarheid van krediet. ✓✓
- Om vraag te demp by die piek, sal dit vir die regering moontlik wees om geldvoorraad te verminder en die rentekoers te verhoog. ✓✓
- Verkoop van regeringseffekte en sekuriteite (ope mark transaksies) ✓✓
- Verminder die aanbod van geld in sirkulasie ✓✓
- Verhoog die kontantreserwevereistes ten einde geldskeppingsaktiwiteite van banke te manipuleer ✓✓
- Oorreed banke om lenings te verminder (morele oorreding) en om die wisselkoers te devalueer (wisselkoersbeleid). ✓✓

FISKALE BELEID

- Wanneer die vlak van ekonomiese aktiwiteit verander, kan die Minister van Finansies uitbreidende en inkrimpende maatreëls aanwend om die skommeling van sodanige ekonomiese aktiwiteite te verminder. ✓✓
- 'n Uitbreidende fiskale beleid kan geïmplementeer word wanneer die ekonomie in resessie is, ten einde ekonomiese aktiwiteite te stimuleer. ✓✓
- 'n Toename in besteding deur die regering sal totale vraag verhoog. ✓✓
- Dit dien as 'n inspuiting in die ekonomie omdat produksie sal toeneem en meer produksiefaktore in diens geneem sal word. ✓✓
- Dit sal lei tot hoër inkome en hoër besteding. ✓✓
- Belasting sal verlaag word, wat weer sal lei tot 'n styging in besteebare inkome. ✓✓
- Dit dien as 'n inspuiting in die ekonomie en uiteindelik sal totale vraag ook toeneem. ✓✓
- In die geval van inkrimpende fiskale beleid, kan die regering sy besteding verlaag en belasting verhoog, wanneer die ekonomie te vinnig groei. ✓✓
- Dit sal lei tot 'n daling in totale vraag wat weer produksie sal verlaag omdat minder goedere en dienste benodig word. ✓✓

VRAAGKANTBELEIDE

- Tradisionele monetêre en fiskale beleide fokus op totale vraag. ✓✓
- 'n Vraagkantbeleid alleenlik, lewer nie die ideale uitslag nie. ✓✓
- Dikwels moet groei gesny word as gevolg van probleme met inflasie, betalingsbalans en 'n tekort aan geskoolde arbeid. ✓✓

ADDISIONELE GEDEELTE

MONETARISTIESE SIENSWYSE

- Markte is stabiel en 'n onewewigtigheid in die markte word veroorsaak deur foutiewe beleide. ✓✓
- Die mees belangrike oorsaak van ekonomiese skommelinge is ontoepaslike regeringsbeleide. ✓✓
- Die monetaris is van mening dat die regeringsinmenging sal lei tot 'n versteuring van die ewewig. ✓✓
- Ewewig word veroorsaak deur aanbod en vraag.✓✓
- Indien enige wanbalans voorkom, sal die markkragte van vraag en aanbod die mark altyd weer terugbring in ewewig. ✓✓
- Hoe meer die regering inmeng, hoe groter sal die versteuring wees. ✓✓
- 'n Ongewenste styging in die geldvoorraad, sal tot 'n inkrimping lei. ✓✓
- 'n Ongewenste daling in die geldvoorraad, sal tot 'n daling in produksieprosesse lei. ✓✓
- Die regering behoort die geldvoorraad versigtig te beheer in die ekonomie, sodat dit nie die ewewig, wat die markkragte outomaties daarstel, versteur nie. ✓✓

  (Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike argument)

  ('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir slegs die noem van feite of voorbeelde.)

SLOT

- Dit bly krities belangrik dat sakesiklusse duidelik gemonitor moet word deur middel van beskikbare aanwysers. ✓✓
- Beleidmakers moet vinnig optree deur monetêre en fiskale instrumente aan te wend ten einde onstabiliteit in die ekonomie te voorkom. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike antwoord) (Maks. 2) (2)

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou